

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 19: Terumah (תרומה): Bydrae

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “Praat met die kinders van Yisra’el dat hulle aan My ‘n bydrae moet bring; vanaf elkeen wie se hart hom opwek, moet julle My bydrae inbring.” Ex. 25:1 en 2 – PWL Vertaling¹)

Torah: Exodus 25:1 tot 27:19

- ❖ **Inleiding** – Bou ‘n Tabernakel
- ❖ **Ex. 25:1 en 2** – ‘n Gewillige en Vrygewige hart
- ❖ **Ex. 25:8** – Die Hemelse Tabernakel
- ❖ **Ex. 25:10** – Die Verbondsark
- ❖ Ex. 25:31 tot 40 – Die Menora: ‘n Heenwysing na Yeshua Messias en Torah

Haftorah: 1 Kon. 5:1 tot 6:13 - Sodat Ek in Julle Midde Kan Woon

B’rit Chadashah: Matt. 5:17 tot 35; Mark. 10:11; Hebr. 8:1 tot 6; 9:23 en 24; 10:1

The world doesn’t believe the Bible, Christians don’t obey the Bible – Leonard Ravenhill

There are two types of teachers, one teaches subjects; the other teaches students. The first imparts information, the second impacts lives – Anonymous.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

Midrash (Torah Bespreking)

Inleiding – Bou ‘n Tabernakel

Die Mosaïese Verbond (die Verbond van die Torah) vervang nie die Verbond met Abraham nie. Hierdie twee verbonde vorm ‘n eenheid en vestig die patroon van redding in beide die ou en die hernieuwe (nuwe) verbond, naamlik geloof (vertroue) en gehoorsaamheid. Die basis van die verbond met Abraham is geloof tot redding en die basis van die Mosaïese verbond is gehoorsaamheid tot YHVH se seëninge. Die Mosaïese verbond is die uiteensetting (die onderrig en instruksies) van die morele standaarde (vereistes) vir diegene wat deel is van die Verbond met Abraham. Die tabernakel, priesterorde en offerandes is ‘n sigbare (tasbare) handeling hoe om as geregverdigde in die regte verhouding met YHVH te leef. Dit is ‘n afbeelding en heenwysing van geestelike waarhede wat in die hernieuwe verbond in Yeshua bevestig is. Verwys Gal. 3:1 tot 17.

Die evangelie wat aan Abraham (Gal. 3:8) en aan Israel by Sinai (Heb. 4:2) verkondig was, is die evangelie van die hernieuwe verbond, naamlik redding deur geloof in Yeshua as die Messias en gehoorsaamheid aan Torah as die leefwyse van die geregverdigde in Yeshua.

In hierdie week se parashah sien ons weereens die bewys van YHVH se liefde vir Israel – Sy bruid wat Hy gekies het en wat Hy met groot magsvertoon uit Egipte bevry het om by Sinai aan haar verloof te raak. YHVH bewys Sy liefde aan Sy bruid deur die opdrag om ‘n tabernakel te bou sodat die Bruidegom in die midde van Sy bruid kan woon!! Die tabernakel is ‘n Afgesonderde Plek van ontmoeting waar die bruid kan leer hoe om aan Torah (die huweliksverbond, *ketubah*) gehoorsaam te wees. ‘n Plek waar YHVH se Gees en Sy Torah een kan word in Israel se lewe.

Hulle moet ook vir My ‘n afgesonderde plek maak, dat Ek tussen hulle kan bly. Ex. 25:8 –
PWL Vertaling.

Was hierdie ‘n opdrag of was dit eerder ‘n versoek van Vader-God? Daar word na geen straf verwys indien Israel dit nie sou doen nie en geen omvattende verduidelik word gegee van hoekom ‘n tabernakel gebou moet word nie, as bloot net *dat Ek tussen hulle kan bly*. YHVH is die getroue Verbondsgod (Deut. 7:9) en Hy wil die goedertierenheid van die verbond aan Israel – aan die wat Hom liefhet – bewys. Vir die doel wou YHVH in hulle midde woon. YHVH wil graag Koning, Bruidegom en Vader vir elkeen wees en die tabernakel is die demonstrasie daarvan.

Sekerlik het Israel ander dringende sake gehad wat hulle aandag vereis het. Hulle was nog relatief nuut in die woestyn en was dus gewikkeld in ‘n daaglikse oorlewingstryd. As individue, families en volk moes hulle hulself beter organiseer om suksesvol te kan oorleef. Nou word hulle egter gekonfronteer met ‘n keuse tussen hulle eie belange en die bou van ‘n tabernakel. Hulle kon redeneer dat YHVH reeds in hulle midde was soos wat die manna uit die hemel en die water uit die rots getuig het, sowel as die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags.

Maar Israel het besef dat YHVH se belange eerste kom, want die tabernakel sou meer as net YHVH se teenwoordigheid in alles wat Hy geskape het wees. Die tabernakel moet gebou word om 'n ruimte te skep waar YHVH tussen hulle kon woon. Dit kan gesien word as die begin (heenwysing en afbeelding) van die vestiging van YHVH se aardse Koninkryk. Die hemelse moet op die aarde manifesteer – 'n plek van waar YHVH Yeshua kan regeer!

Laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; Matt. 6:10

Daarom moet die tabernakel gesien word as die aarde in die klein – 'n model van hoe dit eendag in die toekoms sal wees! Gedurende die Millennium sal Yeshua die tempel herbou, maar na die voltooiing van YHVH se plan van herstel, soos uitgebeeld word deur die die Shabbat, die Feestyte van YHVH, die nuwe maan feeste en die Millennium, met ander woorde in die nuwe hemel en aarde sal die nuwe Jerusalem die tabernakel van YHVH Yeshua se Gemanifesteerde Teenwoordigheid wees (Open. 21:22).

Die aardse tabernakel was 'n replika van die groter en volmaakter hemelse tabernakel (Heb. 9:11), en was 'n rigtingwyser (skadubeeld, afbeelding) van 'n groter waarheid wat sou kom. Daarom is kennis van die ware betekenis en doel van die aardse tabernakel 'n sleutel tot beter insig van Torah en open ook die deur tot die geestelike waarhede van die hernieuwe verbond.

Die belangrikheid van die tabernakel word bevestig deur die feit dat 50 hoofstukke in Torah gewy word aan die bou van hierdie heiligdom en aan die dienswerk wat daarin verrig moet word.

Ex. 25:1 tot 7 – 'n Gewillige en Vrygewige Hart

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: Praat met die kinders van Yisra'el dat hulle aan My 'n bydrae moet bring; vanaf elkeen wie se hart hom opwek, moet julle My bydrae inbring.

Dit is die bydrae wat julle van hulle af moet vat: goud, silwer en koper; blou, pers en bloedrooi stowwe, wit geweefde linne en bokhaar; rooigekleurde ramsvelle, dugongvelle en akasihout; olie vir beligting, speserye vir die salfolie en vir die aromatiëse reukwerk; oniksstene en stene om in te lê vir die skouerstuk en die borsplaat. (PWL Vertaling).

In parashah *Terumah* vind ons die eerste geleentheid wat Israel het om aan YHVH terug te gee vir alles wat Hy vir hulle gedoen het. Elkeen het die geleentheid gehad om volgens sy hart 'n bydrae te lewer tot die bou van die tabernakel. Hierdie bydrae word volgens Deut. 12:11 beskryf as 'n keurbelofte-offer. Dit is 'n offer waarmee elkeen eer (skatpligtigheid) aan YHVH kon bewys.

Die bydrae (*terumah*) vir die bou van die tabernakel (*mishkan*) was dus 'n hartsaak, naamlik om volgens hartsbegeerte aan YHVH te gee sonder om die kosteberekening te doen. YHVH ontvang graag dit wat met 'n gewillige en vrygewige hartsgesindheid gegee word.

Hierdie beginsel van gee, moet in die hart van elkeen gevestig wees wat uit Egipte (van sonde) bevry is en as geregverdigde (gehoorsaam aan Torah) lewe. Om aan YHVH 'n offer (bydrae) te gee (te bring) is om nader aan Hom te beweeg – dit is 'om op te gaan' na die

Vader. Om aan YHVH te gee (te offer) is nie om Hom te bevredig nie. Heidene offer om hul god of gode te bevredig.

Terumah is om die hartsgesindheid van Vader-God na te boots. YHVH se skepping was Sy hartsverlange om goedheid, guns en liefde te bewys. Hoewel YHVH alles geskape het en alles aan Hom behoort en uit menslike oogpunt sou reken dat Hy nie 'n behoefte aan iets het nie, is dit nie waar nie. Vader-God het 'n behoefte en begeerte om alles wat Hy is en besit met die mens te deel – dit is 'n opsomming van YHVH se hartsgesindheid. Wat beter bewys daarvan as die feit dat YHVH ook Sy Eniggebore Seun as Sy keurbelofte-offer aan die mens gegee het (Joh. 3:16; 1 Joh. 4:9)!

Vader-God vra dieselfde van ons, naamlik 'n gewillige en vrygewige hart. Hy wil hê dat ons ook goedheid, guns en liefde aan ander moet bewys. Wanneer ons dit aan ander doen, is dit so goed asof ons dit aan Vader doen. Verwys Matt. 25:31 tot 46, veral vers 45. Alles wat ons aan Hom gee moet 'n keurbelofte-offer wees.

Luister na die belofte wat volg wanneer ons goedheid, guns en liefde aan ander, veral aan die armes, bewys:

Welgeluksalig is hy wat ag gee op die arme; YHVH sal hom red in die dag van onheil(1). YHVH sal hom bewaar (2) en hom in die lewe hou (3); hy sal gelukkig gemaak word op die aarde (4). Ja, U kan hom nie oorgee aan die begeerte van sy vyande nie (5). YHVH sal hom ondersteun op die siekbed (6); sy hele slaapplek verander U as hy krank is (7).

Ps. 41:1 tot 4

Volgens die Hebreeus is die betekenis van die (7) beloftes soos volg:

- ❖ YHVH sal jou bevry in die dag van moeilikheid – jy sal ontsnap
- ❖ YHVH sal jou bewaar – sal oor jou die wag hou
- ❖ Jou aan die lewe hou om voorspoedig te lewe
- ❖ Jou seën op die aarde – op die regte weë lei en gelukkig maak
- ❖ Jou nie oorgee in die hand van jou vyande nie – sal nie jou vyand(e) oor jou laat heers nie
- ❖ Jou versterk op jou siekbed – troos en ondersteun
- ❖ Jou bed omkeer – Jy sal heeltemal herstel van jou siekte.

Bespreek of Bepeins

1. Was ons nie almal arm (geestelik) toe YHVH aan ons goedheid, guns en liefde bewys het en ons genooi het om in die tabernakel (Yeshua) wat Hy vir ons geskep het in te kom nie? Moet ons nie ook soortgelyke guns bewys aan die wat geestelik en fisies arm is nie? Hoe bewys ons geestelike guns aan ander? Is dit om die waarheid van die evangelie van redding en Torah-gehoorsaamheid te verkondig?

Ex. 25:8 - Die Hemelse Tabernakel

Hulle moet ook vir My 'n afgesonderde plek maak, dat Ek tussen hulle kan bly. Ex. 25:8 – PWL Vertaling.

Die tabernakel, en later die tempel, was die middelpunt van die lewe van elke Israeliet en van die vreemdeling wat by Israel aangesluit het. Tydens die 40 jaar van swerf in die woestyn was die tabernakel telkens in die middel opgerig met die twaalf stamme van Israel in 'n bepaalde volgorde rondom die tabernakel.

Die tabernakel was ondermeer 'die gom' wat Israel as 'n eenheid saam gebind het. Om hierdie eenheid volgens Torah-beginsels te laat funksioneer moes YHVH hulle eers onderrig in naasteliefde soos ons in die vorige parashah, *Mishpatim*, geleer het. Dit was 'n geval van eendrag maak mag! Sonder onderlinge liefde tot onderlinge eenheid kon daar nie eenheid met YHVH wees nie en kon YHVH nie Sy volk sien nie.

Die tabernakel is egter ook 'n heenwysing na, en 'n afbeelding van, Yeshua Messias as persoon en van Sy bediening. Elke stukkie detail in die tabernakel het heengewys na een of ander aspek van Yeshua as persoon en van Sy bediening.

Die tabernakel is egter ook 'n afbeelding van 'n lewe as geregverdigde in Yeshua (Torah) en van Yeshua in elke gelowige. Tydens Yeshua se aardse wandel was Hy die tabernakel waarin YHVH gewoon het. So moet ons elkeen ook die tabernakel wees waarin YHVH Yeshua woon. Ons is die tempel (tabernakel) van die Afgesonderde Gees (1 Kor. 3:16 en 1 Kor. 6:19).

Net soos die aardse tabernakel uit drie afsonderlike dele bestaan het, so is die mens ook drie afsonderlike 'dele' van gees, siel en liggaam wat 'n eenheid vorm en aan YHVH moet behoort.

- Die liggaam is die sinnebeeld van die binnehof van die tabernakel, die sigbare van ons voorkoms en persoonlikheid. Die plek van offer (Rom. 12:1 en 2).
- Die siel is die sinnebeeld van die Heiligste van die tabernakel. Die plek waar elkeen sy wil uitoefen om aan God gehoorsaam te wees. Die plek van lofprysing en aanbidding en gemeenskap met ander heiliges (priesters).
- Die gees is die sinnebeeld van die Allerheiligste van die tabernakel. Die plek van persoonlike kontak en gemeenskap met YHVH Yeshua deur die Afgesonderde Gees.

Laastens het die tabernakel 'n profetiese betekenis gehad deurdat dit 'n volmaakte afbeelding van God se verlossingsplan was. Dit was 'n rigtingwyser na die volmaakte weg van verlossing wat YHVH deur Yeshua Messias daar gestel het.

Hierdie verlossingsplan bestaan uit sewe stappe (fases), naamlik:

- Eerstens moet daar die bewustheid van sonde, naamlik die oortreding van YHVH se Torah ontstaan, wat gepaardgaan met die behoefte vir 'n Redder ('n Verlosser).
- As sondaar moet elkeen by die gordyn (deur) van die binnehof ingaan en by die brandofferaltaar sy sonde bely. Hierdie altaar simboliseer die kruis waaraan Yeshua gehang het om vir ons sondes te sterwe.

- Hierop volg die daaglikse reiniging by die koperwaskom wat die Torah (Woord) van YHVH simboliseer en waardeur ons geskik gemaak word vir dienswerk in YHVH se koninkryk.
- Vervolgens betree ons YHVH se Afgesonderde (Heiligste) waar ons voortdurend wandel in die lig van die goue kandelaar (menorah) wat die Lig van die Torah soos deur die Afgesonderde (Heilige) Gees aan ons openbaar word, simboliseer.
- In die Afgesonderde word elke piester gevoed met die Brood van die Lewe by die tafel met toonbrode. Hier verkeer (“fellowship”) ons saam met mede gelowiges.
- Die Afgesonderde is ook waar gebede en lofprysing by die wierookaltaar geoffer word.
- Slegs nou is elkeen gereed om die Mees Afgesonderde (Allerheiligste) te betree waar YHVH se rus te vinde is onder die bloed wat op die versoendeksel van die verbondsark gesprinkel is. Dit is hier waar Vader-God elkeen op `n een tot een basis ontmoet. Dit is die plek waar elkeen God waarlik leer ken.

Indien die hernieude verbond in die lig van die die doel en betekenis van die aardse tabernakel bestudeer word, sal elkeen `n volmaakte prentjie kry van Yeshua Messias as Verlosser en as Middelaar tussen YHVH en die mens, asook van hoe om as geregverdigde in Yeshua te lewe!

Die geestelike waarhede wat afgebeeld word in die tabernakel is maar net nog `n bewys dat in die ou verbond is die hernieude verbond verskuil en in die hernieude verbond word die ou verbond openbaar gemaak. Die aardse tabernakel was slegs `n afbeelding van `n groter heerlijkheid wat aan die kom was. Dit was slegs `n rigtingwyser na iets beter wat aan die kom was (Heb. 8:1 en 2). Die hemelse tabernakel is die ware tabernakel en die aardse tabernakel was slegs `n afbeelding van hierdie waarheid en heerlijkheid.

By wyse van die aardse tabernakel het YHVH ook Israel onderrig aangaande die toekomstige verlossing deur Yeshua Messias. Die tabernakel met die gepaardgaande priesterorde en offerandes, is deur God ingestel sodat Israel die beloofde Verlosser sou kon herken en die betekenis van Sy aardse sending sou kon verstaan. Vir sowat 1500 jaar het YHVH deur die tabernakel en die twee tempels op `n duidelike wyse met Sy volk gepraat aangaande die Messias wat sou kom en onder mense sou kom “tabernakel” (woon) Verwys Joh. 1:9, 11 en 14.

Ten spyte hiervan het die meerderheid geestelike leiers van Israel, insluitend die Hoëpriester, nie Yeshua Messias herken as die Lam van God wat die beloofde eenmalige offer vir al die sondes sou wees nie (Joh. 1:29). Dit ten spyte daarvan dat Yeshua by herhaling die mense aangemoedig het om die Skrifte te bestudeer en sodoende die ooreenkoms tussen dit wat geskrywe is en wat Hy besig was om te doen, te sien. Verwys Joh. 5:39 en 46. Die “Skrifte” verwys hier na die van die ou verbond en sluit die eerste vyf boeke in wat deur Moses geskryf was en waarin die tabernakel, priesterorde en offerhandes beskryf word. (Rom. 15:4).

Bepeins of Bespreek

1. Indien die Jode tydens Yeshua se aardse wandel hulle sou beperk het tot `n studie van die Skrifte, sonder die beïnvloeding van mensgemaakte tradisies en sonder geestelike hoogmoed, sou hulle Yeshua as die Messias waarvan Moses geskryf het, herken het. Tradisie en hoogmoed het hulle egter verblind tot so `n mate dat hulle nie die waarheid kon insien nie. Hierdie dien as

waarskuwing vir elkeen. `n Gesindheid van totale nederigheid is `n vereiste terwyl mensgemaakte lering en tradisies met groot omsigtigheid hanteer moet word. Die Afgesonderde Gees moet te alle tye die leer- en tugmeester wees.

2. Vader-God het vir ons 'n ruimte ('n tabernakel, *mishkan*) geskep waar ons in Sy teenwoordigheid (Gemanifisteerde teenwoordigheid) kan kom. Ons moet ook 'n ruimte (*mishkan*) in ons binneste skep waar YHVH kan woon. Hierdie ruimte moet leeg wees van sonde en die eie-ek (leeg van my belange, my behoeftes, my eer, ens), want dan sal YHVH dit kan vul. Dan sal ons hart ons opwek om vrywillig en met blymoedigheid en met oorgawe Vader-God te dien en keurbelofte-offers te gee – met dieselfde hartsgesindheid as ons Vader. Dan maak ons 'n heiligdom (*mishkan*) waar die Vader in ons midde kan woon (Ex. 25:8). Dan sal ons Sy heerlikheid aanskou en ervaar (Joh. 1:14).
3. *The moment we place a limit on our desire to see everything through the prism of our own wants and wishes and instead make a clearing for another to occupy, we have emulated God in His method of creating. When we do this as individuals for one another we create a more perfect society, a society that aspires toward Godliness. When we act together with one heart and create a space where God's presence is welcome, we create a more perfect world. In fact, we perfect creation, and the perfection of creation is the completion of creation. God saved the final piece in the puzzle of creation for us to put in place as His ultimate expression of love, (bestowing goodness), for us - His creation. By taking up God's offer and creating for Him a Sanctuary in the very world that He created for us, the very space within His being that He set aside for us, we are returning His love and perfecting His creation (T'rumah – The Temple Institute)*

Ex. 25:10 – Die Verbondsark

Hulle moet 'n ark van akasiahout maak. Sy lengte moet twee en 'n half el, sy breedte een en 'n half el en sy hoogte een en 'n half el wees.

Daar is 'n hemelse tabernakel wat van voor die grondlegging van die wêreld reeds bestaan het en steeds bestaan (Heb. 8:2 en 9:11). Hierdie hemelse tabernakel is dus soos YHVH onveranderbaar, naamlik gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde. Die uitleg en inhoud van die tabernakel is dus ook steeds dieselfde. In die voorhof is daar die brandofferaltaar en bronswaskom. In die Heiligste is daar die menorah, die tafel met die toonbrode en wierrookaltaar en in die Allerheiligste is daar die verbondsark.

Die verbondsark met versoendeksel was die enigste meublement in die Allerheiligste. Slegs die hoëpriester kon een keer per jaar op die dag van Versoening in die Allerheiligste ingaan en dan slegs met die bloed van die dier wat vir die sondes geoffer is. Van hierdie bloed is geneem en deur die hoëpriester op die versoendeksel gesprinkel om op die wyse versoening vir die volk se sondes te doen.

Die verbondsark was `n kis van akasiahout (1,25m lank x 0,75m breed x 0,75m hoog). Hierdie kis was binne en buite met goud oorgetrek. Die deksel van die kis, bekend as die versoendeksel, was van suiwer goud. `n Goue krans het die versoendeksel omring. Op die deksel was daar aan die twee ente `n gerub met uitgestrekte vlerke en met hulle aangesigte na mekaar toe. Die versoendeksel en gerubs is uit een stuk suiwer goud volgens die vakmanskap van dryfwerk gemaak. Op elke lengtesy was daar twee goue ringe. Twee draaghoute wat met goud oorgetrek was, was deur hierdie ringe gesteek en gebruik om die ark mee te dra. Hierdie draaghoute mag nooit verwyder gewees het nie.

Binne in die verbondsark was die Getuienis, naamlik die twee kliptafels met die Tien Gebooië, `n goue fles met manna en Aäron se staf wat gebot het (Eks. 25:16; Eks. 16:32 tot 36; Num. 17:1 tot 12; Heb. 9:3 en 4). Hierdie inhoud van die verbondsark is ‘n heenwysing na Yeshua Messias. Hy is YHVH se Torah wat vlees geword het (Joh. 1:1). Hy is die Brood (Manna) van die Lewe (Joh. 6:35) en Yeshua is ons ewige Hoëpriester (die staf van Aäron) volgens die priesterorde van Melgisedek (Heb. 5:6 en 10; Heb. 6:20).

Wat is die geestelike betekenis van die verbondsark met sy getuienis en die versoendeksel? Wat is die geestelike lesse wat hieruit geleer kan word?

Die hout verteenwoordig Yeshua die mens en die goud Sy ewige Godheid. Die hout het die vorm aan die kis gegee, maar dit was nie sigbaar nie. Slegs die goud was sigbaar. Hoewel Yeshua Homself ontledig (verneder) het om die gestalte (vorm) van `n mens aan te neem was Hy steeds in alle opsigte God (Fil. 2:6 tot 8). Sy mensheid was bedek (gekleed) met sy Godheid en Hy was mens sonder sonde. Hy was blootgestel aan alles wat ons hier op aarde ervaar, maar Sy dade, woorde en gedagtes was te alle tye in ooreenstemming met Torah en was bevestiging dat YHVH is God en YHVH Yeshua is Een (Deut. 6:4).

Die versoendeksel was van suiwer goud gemaak en is ‘n afbeelding van YHVH se genade. Geen hout (wat die mens simboliseer) is gebruik nie. Daarom is versoening met YHVH slegs op grond van genade – onverdiende guns. Die mens het geen rol in versoening met Sy Skepper nie, behalwe om YHVH se genade soos in Yeshua Messias openbaar gemaak is in geloof te ontvang.

Op die versoendeksel was die bloed deur die hoëpriester gesprinkel. Sonder die bloed van die onskuldige wat in die plek van die skuldige gesterf het sou hierdie YHVH se troon van oordeel gewees het. Nou is dit egter YHVH se troon van genade. Die bloed van die offerdiere wat op die versoendeksel gesprinkel was, was slegs `n skadubeeld van die bloed van die Lam van God wat ewige versoening sou bewerkstellig. Yeshua het met sy eie bloed die hemelse heiligdom ingegaan en `n ewige verlossing teweeggebring (Heb. 9:12).

Die versoendeksel met gerubs is `n afbeelding van YHVH se troon. Gerubs is engele wat met YHVH se geregtigheid (as bewakers daarvan) verbind word. Die gerubs en die versoendeksel was uit een stuk goud volgens die vakmanskap van dryfwerk gemaak. YHVH se geregtigheid en Sy genade kan dus nie geskei word nie. Sy geregtigheid vereis dat sonde geoordeel word. Daarom is daar slegs genade op grond van die feit dat Yeshua in die plek van die sondaar gesterf het. By YHVH se troon ontmoet geregtigheid en vrede (genade) mekaar (Ps. 85:11). Dit is alles moontlik gemaak deur Yeshua Messias.

In die verbondsark was die Torah (die wet) van YHVH. Bo die versoendeksel, tussen die gerubs, was YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid. Die bloed van vergifnis en versoening wat op die versoendeksel gesprinkel was, was dus tussen YHVH se Gemanifisteerde Teenwoordigheid en die Torah. Hierdie bloed is YHVH se eie bloed soos dit in Yeshua Messias was. As te ware bedek Yeshua se bloed dus die Torah. Die betekenis hiervan is dat deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua aan die kruis ‘kyk’ YHVH na ons oortreding van Sy Torah, maar ‘sien’ dan die bloed van Sy Seun wat die vergifnis van die oortreding van Torah is.

Onder die ou verbond was dit die bloed van diere wat op die versoendeksel gesprinkel was en was die vergifnis van die oortreding van Torah tydelik (Heb. 10:1 tot 4). Onder die hernieuwe verbond is dit die bloed van Yeshua wat op die versoendeksel gesprinkel is en het dit ‘n ewige verlossing

(vergifnis) bewerkstellig (Heb. 9:11 en 12). Op die wyse is die skuldias van die gelowige verwyder. Dit is die skuldias wat verwyder is, nie die wet (Torah) nie.

Die Torah (wet) as getuienis in die verbondsark verteenwoordig ook wie YHVH is, naamlik Sy Karakter en Outoriteit. “Jy mag nie steel nie” beteken inderwaarheid dat niemand mag steel nie, want God steel nie. Dieselfde ten opsigte van jy mag nie doodslaan nie, jy mag nie begeer nie, ens. Jy mag nie hierdie dinge doen, want YHVH doen dit nie. Hy sal nooit `n opdrag gee van dinge wat jy nie mag doen nie, terwyl Hy dit self doen nie. Ons moet nabootsers van YHVH wees (Ef. 5:1). Vader-God is die voorbeeld en soos Yeshua slegs die dinge gedoen het wat Hy die Vader sien doen het (Joh. 5:19), net so moet ons die dinge doen wat ons Yeshua “sien” doen het.

Die goue kruik met manna was ook `n heenwysing na Yeshua as die Brood van die Lewe. Soos die manna het Yeshua ook uit die hemel neergedaal. Die manna het gedurende die nag gekom terwyl almal geslaap het. Yeshua het ook gekom toe die wêreld in geestelike donkerterkeer het. Die manna was soet soos heuningkoek (Eks. 16:31). Hierdie is ook `n sinnebeeld van Yeshua se bediening van goedheid en guns.

Aäron is `n sinnebeeld van Yeshua ons ewige Hoëpriester. In Num. 16 en 17 lees ons van die opstand van Korag, Datan en Abiram teen die priesterlike gesag van Aäron. Hierdeur het hulle teen YHVH gerebelleer wat die besluit neem wie hoëpriester moet wees. Vir hierdie rebellie het YHVH die wat gerebelleer het gestraf.

Ter verdediging en bevestiging van die priesterlike gesag soos deur YHVH bepaal word, moes elke stam `n staf bring waarop die naam van die stam geskryf was. Die naam van Aäron was geskryf op die staf van Levi (Num. 17:1 tot 3). Moses het die twaalf stawe in die Allerheiligste geplaas, want God het gesê dat die staf van die man wat Hy kies sal bot (vers 5). Aäron se staf het bloeisels en blomme gemaak, asook amandels gedra (vers 8).

Wat is die geestelike betekenis hiervan? YHVH het Yeshua Messias as ewige Hoëpriester aangestel. Die wat hierteen rebelleer sal sekerlik sterwe. Israel het teen YHVH gerebelleer en Yeshua gekruisig. Soos Aäron se staf in die Allerheiligste voor YHVH gelê het, so het die gekruisigde Yeshua voor God “gelê”. Maar hierdie “Staf” wat van die Lewende God afgeskeur was, het in `n nuwe lewe verskyn as die opgestane Messias – die koringkorrel wat moes sterf sodat dit veel vrug kon dra (Joh. 12:24).

Bepeins of Bespreek

1. Ex. 25:10 tot 22 – Die Verbondsark moet in ons binneste (hart) wees in die ruimte (tabernakel) wat ons vir YHVH gemaak het. In die verbondsark moet die Getuienis (die Torah, die wet, tien gebooie) wees (Ex. 25:16). Hierdie Getuienis (wet) in ons harte is dieselfde as wat in die Verbondsark van die tabernakel en tempel was.
2. Die belofte is dat die wet (Torah) nou op die tafels van ons hart geskryf word (Jer. 31:31 tot 34; Heb. 8:10). Die Vader gaan dit doen deurdat ons `n hartsverandering ondergaan. Verwys Eseg. 36:25 tot 31 – die “tweevoudige” werking van die Afsonderde Gees. Dit is alleenlik YHVH wat `n rein hart in ons binneste kan skep. Ons hart is bedrieglik en verdorwe en YHVH is die een wat dit deursoek en ons toets (Jer. 17:9 en 10). Uit ons eie kan ons nie roem op `n suiwer (opregte) hart nie (Spr. 20:9).

3. Die proses van suiwering van die hart vind plaas deur Torah-gehoorsaamheid. In 'n oomblik word ons wedergebore, maar oor tyd word ons harte gesuiwer. Ons moet bereid wees om die verbondsark met die Getuienis in ons harte te plaas.
4. Dit is maklik om van 'buite' goed te lyk, maar die vraag is hoe lyk ons van binne? YHVH onderneem om ons innerlike te verander sodat dit uiterlik sigbaar sal word. Soos Dawid moet ons ook vra: *Skep vir my 'n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees* (Ps. 51:12), sodat ons ook kan sê: *Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u Torah is binne-in my ingewande* (Ps. 40:9).
5. Volgens Heb. 9:11 is daar 'n Hemelse Tabernakel en dus 'n verbondsark met die twee kliptafels van die Tien Gebooie. Is dit nie genoegsame bewys dat YHVH se Torah (die wet) steeds vandag geldig is nie? Om te verklaar dat jy vry van die wet is, soos byvoorbeeld vry van die Shabbatsgebod, is om te verklaar dat YHVH Sy Torah wat Hy aan Moses gegee het, 'herskryf' het!! Kan dit waar wees?

Ex. 25:31 tot 40 – Die Menora: 'n Heenwysing na Yeshua Messias en Torah

Jy moet ook 'n lampstaander maak van suiwer goud. Die lampstaander moet van slaanwerk wees.

Ex. 25:31 – PWL Vertaling

Een van die oudste simbole van Judaïsme is die menora, ook bekend as die goue kandelaar. Die nasionale embleem van Israel is 'n menora met 'n olyftak aan weerskante en dit is hulle amptelike embleem sedert 10 Februarie 1949.

'n Menora is as deel van die embleem gekies ondermeer op grond van Jes. 42:6: *Ek, YHVH, het U geroep in geregtigheid, en Ek vat u hand en behoed U en gee U as 'n verbond van die volk, as 'n lig van die nasies*. Volgens Judaïsme is die lig van die menora 'n "sagte" lig en nie 'n "gewelddadige krag" nie. Daarom word geglo dat Israel 'n voorbeeld vir ander volke moet wees. Hierdie beskouing word ondermeer op Sag. 4:1 tot 6 gegrond, veral op vers 6: *Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê YHVH van die leërskaer*.

Like the lamps of the menorah, the future for Israel is bright indeed!

Die menora wat in die tabernakel en tempel gebruik was, het sewe olielampe op die punt van sewe "arms" (vertakkings) gehad. Volgens Ex. 25:31 tot 40 is die menora met die hand vervaardig uit een stuk suiwer goud van een talent (ongeveer 43 kg). Net so is die Woord van YHVH suiwer, want dit is die waarheid (Joh. 17:17). Soos die menora uit een stuk suiwer goud gemaak is deur smeerwerk en dus 'n eenheid vorm, net so vorm die Woord van YHVH 'n eenheid van Genesis tot Openbaring.

Dit is vervaardig volgens die vakmanskap van dryfwerk (smeerwerk) en het bestaan uit 'n sentrale stam met drie sytakke aan elke kant. Aan die bopunt van die stam en elke sytak was daar 'n kelkie in die vorm van 'n amandelblom waarin die olie en die pit van die lamp was. Die stam en sytakke was ook versier met amandelknoppe en blomme (Ex. 27:20 en 21; Ex. 37:17 tot 24; Ex. 39:37; Ex. 40:24 en 25; Lev. 24:1 tot 4; Num. 4:5, 9, 10 en 15; Num. 8:1 tot 4).

Die menora was een van die mees belangrikste simbole in die tabernakel en ook later in die tempel. Tydens die vernietiging van die tempel in 70 na-Messias is dit uit die tempel verwyder en deur Generaal Titus na Rome geneem.



Toneel op die “Arch of Titus” in Rome wat die “diefstal” van die menorah uitbeeld

Die doel van die menorah was om lig te gee in die Afgesonderste (Heiligste) van die tabernakel en tempel, maar dit het veral simboliese betekenis van verskillende geestelike waarhede. Die geestelike simboliek geld eweveel vir Jood en Christen. Daarom is die menorah ook een van die simbole van die Christengeloof. Ongelukkig is baie min gelowiges hiervan bewus en word dit deur die meerderheid as Judaïsme beskou.

‘n Openbaring Van Yeshua en die Woord Van YHVH

Die lig in die Afgesonderste van die tabernakel was slegs afkomstig van die goue kandelaar. Alle natuurlike lig was uitgesluit. Selfs in die tempel was die vensters so ontwerp dat die lig van binne na buite moet skyn. Die menorah staan ook bekend as die *kandelaar tot verligting (the candlestick of the light)*(Num.4:9).

Die menorah is ‘n afbeelding en openbaring van Yeshua Messias, die Lig van die wêreld (Joh. 8:12), asook van die Woord van YHVH en van die gemeente (uitgeroepenes). Die olyfolie, wat die bron van die lig was, is ‘n afbeelding van die Afgesonderde (Heilige) Gees.

Volgens Joh. 1:1 tot 5 weet ons dat Yeshua die Woord van YHVH is – die vleesgeworde Torah (YHVH se onderrig en instruksies). Hierdie Woord (Torah), en dus Yeshua, is die lig vir die mense wat ware lewe gee en deur wie alle dinge geskep en instand gehou word. Lees ook Kol. 1:17 en Joh. 1:1 en 2 in die verband.

Die menorah simboliseer ook ‘n amandelboom (Ex. 25:33 en 34). In Hebreeus word die amandel *sha’ked* genoem en beteken die woord ook *ywerig (op en wakker)*, *volharding (deursettingsvermoë)* en *waaksaamheid*. Die menorah simboliseer dus ook Vader YHVH se waaksaamheid oor Sy Woord. Verwys Jer. 1:11 en 12 – *want Ek is wakker oor my woord om dit te volbring*.

Vader-God is ‘n waarmaker van Sy Woord. Yeshua Messias, wat die Woord van God is, is bevestiging hiervan. Alles wat YHVH gespreek het, en nog sal spreek, sal waar word (Num. 23:19). Sy woorde is die waarheid (Joh. 17:17). Daarom moet ons YHVH vrees (eerbiedige ontsag hê) en Hom in opregtheid en waarheid dien (Jos. 24:14), want alles wat Hy gespreek het, sal net so gebeur.

Volgens Sag. 4:6 en 10 is die sewe lampe van die menorah ook ‘n afbeelding van die sewe oë van YHVH wat die *ganse aarde deurloop* en alles meet aan die Woord van YHVH. Die getal sewe verteenwoordig volmaaktheid. Elke mens sal gemeet word aan die volmaakte Woord van YHVH, want dit is die mens se skietlood, naamlik die *instrument* om te meet tot watter mate aan YHVH se vereistes en standaard voldoen word. Lees ook Heb. 4:12.

Die menorah is dus ‘n afbeelding van ons wandel in die lig van Yeshua en onder die leiding van die Afgesonderde Gees. Yeshua is die Woord van YHVH en in Hom is die lewe en Hy is die lig vir elkeen se lewe (Joh. 1:1 tot 5 en 9; Ps 119:105). Die Afgesonderde Gees is die bron van hierdie lig (waarheid) wat ons alles sal leer van die Woord en ons daaraan sal herinner. (Joh. 14:17; Joh. 16:13

tot 15). Alles wat die Afgesonderde Gees “hoor, sal Hy spreek”. Die Gees hoor die Woord van God en daarom sal Hy dit wat aan die Vader en aan Yeshua behoort (eie is aan), aan ons verkondig. Hierdie Woord is lewe (Joh. 10:10b) en bring verandering (voorspoed en seën) te weeg. Hierdie Woord is egter ook oordeel (Joh.12:48) van die wat ongehoorsaam is.

Die Afgesonderde Gees verheerlik Yeshua (Joh. 16:14) en omrede Yeshua die Woord van YHVH is (Joh. 1:1 tot 3), verheerlik die Gees dus die Woord van YHVH. Telkens wanneer `n gelowige hierdie Woord lees of hoor, en dit toepas, word Yeshua verheerlik. Wanneer Vader-God se beloftes in die lewe van die gelowige waar word, word Yeshua verheerlik. Soos die Gees dit wat aan YHVH behoort aan ons verkondig, en dit openbaringskennis in ons lewe word, word Yeshua verheerlik. Om te wandel in die lig van die Woord van YHVH (Torah-gehoorsaamheid) is dus die verheerliking van Yeshua ons Messias.

Elke gelowige moet slegs in die lig van die waarheid van die Woord wandel en op die Afgesonderde Gees vertrou om hierdie Woord duidelik te maak en elkeen daaraan te herinner. Dan sal elkeen `n lig in hierdie wêreld wees en `n verandering ondergaan om gelykvormig te word aan Yeshua – die Woord van YHVH. Deur die lig van die Woord moet ons vernuwing van ons gemoed (denke, wil en emosies) ondergaan (Rom.12:2). Dan sal ons woorde en dade ook gelykvormig aan die van ons Messias word.

Die lig (kennis, insig) wat die wêreld bied, is menslike wysheid en vleeslike vermoëns. Dit opsigself is nie noodwendig verkeerd nie, maar dit kan die oë van die mens verblind sodat die lig (kennis, wysheid, hoedanighede, vermoë) van YHVH uitgesluit word. Dit het dikwels menslike filosofieë en redenasies tot gevolg. Menslike wysheid en insig word die plaasvervanger vir geloof in YHVH en in Sy Woord. Die bloed van Yeshua, en die reiniging en vernuwing deur die Woord, word vervang met vormgodsdienste, redenasies oor moraliteit, besprekings oor die korrektheid van die Bybel, filosofieë oor die ontstaan van lewe en dergelyke aardse en vleeslike wysede en insig. Hierdie is nie die lig van die menora nie en openbaar nie die Godheid nie. Die natuurlike (vleeslike) mens neem nie die dinge van YHVH aan nie, want dit is vir hom dwaasheid (1 Kor. 2:14 en 15).

Diegene wat in die lig van die menora wandel, is die kinders van YHVH (Rom. 8:14), want slegs diegene wat aan die Woord van YHVH gehoorsaam is, kan aanspraak maak dat hulle deur die Afgesonderde Gees gelei word. Weens ongehoorsaamheid gaan talle gelowiges nooit die Heiligdom, naamlik die Afgesonderde en Mees Afgesonderde, binne nie. Hulle is diegene wat in die voorhof van die tabernakel wandel, naamlik die wat sondevergiftig by die brandofferaltaar (die kruis) ontvang het, maar nie bereid is om by die koper waskom (die waterbad van die Woord – Ef. 5:26) hulself te reinig vir dienswerk in die heiligdom nie.

Soos die priesters slegs die Almagtige se Gemanifesteerde Teenwoordigheid kon aanskou terwyl hulle binne die Afgesonderde van die tabernakel en in die lig van die menora diens gedoen het, so kan ons slegs YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid aanskou en Sy seën deelagtig wees deur in Yeshua Messias onder die leiding van die Afgesonderde Gees in die lig van die Woord te lewe.

As wedergebore en Geesvervulde kinders van die Vader ervaar en aanskou ons tans hierdie heerlikheid slegs ten dele, maar eendag sal ons in die volheid van hierdie Lig leef op `n plek waar die son en die maan nie nodig is nie, want die Lam is die Lig en daar sal nooit nag wees nie (Open. 21:23 en 25). Yeshua self sal die Lamp wees – die ewige Menora van YHVH.

Die menora verteenwoordig dus die openbaarmaking van die Allerhoogste deur Yeshua wat die Torah van YHVH is. Dit is die ware Lig wat in `n geestelike donker wêreld skyn. Dit is die Lig waarin elke mens moet wandel. Elkeen se lewe sal aan hierdie Lig gemeet word.

Die Woord was van die begin af daar, suiwer en onvervals, en dit is deur die eeue gesmee tot die Lig wat duisternis verdryf. Dit wat woens, leeg en donker was (Gen. 1:2), is deur die Woord van YHVH verander tot lig (Gen. 1:3) en 'n skepping wat Sy aard en hoedanighede vertoon, want dit wat geskape was, was *baie goed* (Gen. 1:31). Hierdie lig skyn steeds en is steeds kragtig en lewend (Heb. 4:12). Dit bring verandering teweeg om die aard en hoedanighede van YHVH ons God te vertoon sodat Hy verheerlik kan word.

Yeshua Messias is die Lig van die Wêreld.

Die profesie van Sagaria beskryf Yeshua as die *opgaande Lig uit die hoogte* wat ons besoek het en wat skyn oor die wat in duisternis en in doodskaduwee leef, en wat ons voete rig op die pad na vrede met YHVH (Luk 1:76 tot 79). Simeon bevestig dit deur na Yeshua te verwys as 'n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van Israel (Luk. 2:32). Johannes die Doper het gekom om van die Lig, naamlik van Yeshua Messias, te getuig (Joh. 1:7 en 8).

Yeshua Messias is ons Menora. Hy is die lig van die wêreld en elkeen wat in hierdie lig wandel, het die lig wat lewe is (Joh. 8:12). In Hom is die ware lewe en hierdie lewe is die lig wat elke mens verlig (Joh. 1:4 en 9). Yeshua is die bron (oorsprong) van lewe, want net soos die Vader het Hy ook lewe in Homself (Joh. 5:26).

Yeshua is die Woord (die Torah) van YHVH en derhalwe is die Woord ware lewe. Elkeen wat in die lig van die Woord wandel, sal dus ware lewe ondervind. Oorvloed lewe (Joh. 10:10) is slegs moontlik deur in die lig van die Woord te wandel. Die Woord is *'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad* (Ps.119:105). Die mens wat sy behae (vreugde, verlustiging) in die Woord (Torah) van YHVH vind, en wat nougeset daarvolgens lewe, sal in alles voorspoedig wees (Ps. 1:2 en 3; Jos. 1:8). Die bevel van YHVH is volmaak, reg en suiwer; dit gee wysheid, verbly die hart en verlig die oë (Ps.19:8 en 9).

Sonder YHVH, Yeshua en die Woord as jou Lig het die mens se lewe geen doel nie en sal die dief kom om te steel, te slag en te verwoes (Joh. 10:10). Soos die priesters slegs in die lig van die menora hulle dienswerk in die Heiligste verrig het, so moet elke gelowige slegs in die lig van die Woord hulle lewe inrig. Sonder hierdie Lig leef die mens in duisternis.

Vanaf die eerste profesie oor die koms van die Messias (Gen. 3:15) tot met die laaste hoofstuk van Openbaring word Yeshua voorgehou as die Lig (Verlosser) van hierdie wêreld. Die opdrag vanaf Genesis tot Openbaring is ook duidelik, naamlik: Wandel in YHVH se Lig, naamlik die Woord (die Torah) van God wat Yeshua is en wat deur die Afgesonderde (Heilige) Gees verheerlik word.

Onder die hernieuwe verbond is die geestelike betekenis van die menora veral duidelik. Soos daar geen ander lig in die Heiligste was nie, so is Yeshua die enigste lig van hierdie wêreld. Hierdie Lig het in ons harte geskyn sodat die duisternis uit ons harte verdryf kan word en sodat ons die Vader waarlik kan ken (2 Kor. 4:6). Om in hierdie lig te wandel is die enigste wyse om Vader God waarlik (intiem) te kan ken.

Ons moet YHVH se kinders van die Lig wees en die Lig in ons moet die wêreld om ons verlig op 'n wyse dat die Vader verheerlik kan word (Matt. 5:16).

Ons is die Lig in die Wêreld

Elke gelowige in Yeshua wat nougeset volgens die Woord (Torah) lewe, word 'n lig in hierdie wêreld (Matt. 5:14; Ef. 5:8; Fil. 2:15). In Yeshua het ons die Lig van die Lewe (Joh. 8:12). Ons moet in hierdie Lig wandel sodat die duisternis ons nie oorval nie (Joh. 12:35).

Terwyl Yeshua Messias op aarde was, was Hy die lig (Joh. 9:5), maar nou moet ons in Sy plek die lig wees *te midde van 'n krom en verdraaide geslag*. Dit vereis dat ons sonder murmering en teëspraak onberispelik en opreg moet wees (Fil. 2:14 en 15).

Lees 1 Joh. 1:5 tot 7. YHVH is lig, en geen duisternis is in Hom nie. Indien ek sê dat ek met Hom gemeenskap het, dan moet ek ook in die lig wandel soos Hy in die lig is. Om met die Vader gemeenskap te hê is om by wyse van 'n vennootskap (*fellowship*, broederskap) deel te hê aan alles wat Hy is. Met ander woorde om deel te hê van mekaar en om deelgenote en deelhebbers van mekaar te wees. Dit is om 'n verbondsverbintenis van onvoorwaardelike lojaliteit met YHVH te hê. Ek kan dus slegs gemeenskap met die Vader hê deur nougeset volgens Sy wil (Torah) te lewe, want dit is die Lig wat die Almagtige is. Indien ek beweer dat ek met Hom gemeenskap het, maar nie in die lig (in gehoorsaamheid) wandel nie, dan is ek 'n leuenaar.

Om in die Lig van YHVH te wandel beteken ook om my naaste lief te hê soos myself. Wie sy broeder haat (dit is om hom minder lief te hê as jousef) leef in die duisternis (1 Joh.2:9).

Opsomming: Ek is 'n lig van die wêreld slegs wanneer ek in die Lig wandel en dit beteken om nougeset volgens die Lig van die Woord (Torah) te lewe. Die bewys dat ek volgens hierdie Lig lewe is wanneer ek die Vader met alles liefhet en my naaste soos myself. Wanneer ek Sy Woord (Torah) bewaar dan het die liefde van YHVH in my lewe volmaak geword (1 Joh.2:5). Dit beteken dat wanneer ek nougeset volgens die Lig van die Torah van YHVH handel, beantwoord ek YHVH se liefde vir my. Dit is volmaakte liefde.

Bepeins of Bespreek

1. Ons is so geneig om te dink dat ons die lig van die wêreld is bloot op grond van ons wedergeboorte. Wedergeboorte alleen maak nie van ons die lig van die wêreld nie, maar alleenlik wanneer ons nougeset in die Lig van die Woord (Torah) wandel kan ons die lig van YHVH wees.
2. Die sleutel tot kennis en gemeenskap met die YHVH is gehoorsaamheid aan Torah (1 Joh. 2:3). Indien ek nie sy Torah (gebooi) bewaar nie, is ek 'n leuenaar (1 Joh. 2:4). Hoe maklik is dit om jousef te mislei deur te dink dat jy gehoorsaam is?
3. Die mate van gehoorsaamheid bepaal die *helderheid* van die lig waarmee ons skyn. Die mate van gehoorsaamheid vereis voortdurende selfondersoek.
4. Dit word algemeen aanvaar dat die kruis die simbool van die Christendom is. In die lig van die betekenis van die menorah, en veral in die lig van Open. 1:12. 20 en 2:1, moet ons vra of dit korrek is. Niemand sal ontken dat die kruis (folterpaal) die simbool van YHVH se reddende genade is nie, maar is dit die simbool wat die gemeente van Yeshua uitbeeld?
 - Volgens Judaïsme simboliseer die menorah 'n olyfboom en verteenwoordig die ses sytakke die mens wat deel geword het van YHVH die sentrale stam. Onthou: die getal 6 is simbolies van die mens. Vergelyk hierdie siening met wat Paulus in Romeine 11 verduidelik van die olyfboom en die takke wat daarop ingeënt is.

5. Lees Rom. 8:14. Mislei ons nie onself deur daarop te roem dat ons deur die Afgesonderde Gees gelei word terwyl daar areas van moedswillige ongehoorsaamheid in ons lewens is nie? Is gedeeltelike gehoorsaamheid voldoende om myself te beskou as iemand wat deur die Gees gelei word? Indien die antwoord *Ja* is, is die vraag waar is die afsnypunt waar my ongehoorsaamheid die oorsaak is dat ek nie meer die stem van die Afgesonderde Gees hoor nie en dus mislei word? Onthou: Die werke van die vlees is jou eie wil bo die wil van YHVH. Onthou ook: Jou eie wil kan deur 'n vreemde gees beïnvloed word!

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

1 Kon. 5:1 tot 6:13 – Sodat Ek in Julle Midde Kan Woon

Let op, ek beplan om vir die Karakter en Outoriteit (Naam) van יהוה, my God, 'n huis te bou soos יהוה met my vader Dawid gepraat en gesê het: 'Jou seun wat Ek in jou plek op jou troon sal sit, hy sal die huis vir My Karakter en Outoriteit (Naam) bou.' 1 Kon. 5:5 – PWL Vertaling

Hierdie week se Haftorah vind aansluiting by ons Torahskriflesing deurdat beide te doen het met die bou van 'n Afgesonderde Plek ('n Heiligdom; 'n Huis) waar YHVH in die midde van Sy volk kan woon. Beide die tabernakel en die eerste tempel was asemrowende strukture wat 'n sinnebeeld was van YHVH se Karakter en Outoriteit – 'n geskikte woning vir die Koning van alle konings.

Maar tog sou dit wat met die sintuie waargeneem kan word nutteloos gewees het indien YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid nie in die tabernakel of tempel sou wees nie. Vir YHVH om sy 'intrek' in die tempel te neem moes die volgende voorwaarde nagekom word:

Die woord van יהוה het tot Shlomo gekom en gesê: "Aangaande hierdie huis wat jy besig is om te bou, as jy in My wette loop en My verordeninge uitvoer en al My opdragte hou deur daarin te loop, dan sal Ek My woord uitvoer wat Ek met jou vader Dawid gepraat het. Ek sal tussen die seuns van Yisra'el bly en My volk Yisra'el nie in die steek laat nie." 1 Kon. 6:11 tot 13 – PWL Vertaling

YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid sou slegs die tempel vul indien Salomo en die volk Torah-gehoorsaam lewe: *...as jy in My wette loop en My verordeninge uitvoer en al My opdragte hou deur daarin te loop,dan sal Ek tussen die seuns van Yisra'el bly en My volk Yisra'el nie in die steek laat nie!!* Torah-gehoorsaamheid is 'n vereiste alvorens YHVH deur Sy Gees in hulle midde sou woon en hulle voorsiener in al hulle behoeftes sou wees. Gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies is die spesifikasie waaraan voldoen moet word alvorens die Afgesonderde Gees die huis sal bewoon!

Hierdie is vir ons 'n baie belangrike les! Ons weet dat ons die tempel van die Afgesonderde Gees is (1 Kor. 3:16 en 2 Kor. 6:16). Soos in die geval van die tempel van Salomo sal YHVH se Afgesonderde Gees ook slegs ons tempels (liggame) vul indien ons Torah-gehoorsaam is. Daarom: Vulling (doping) met die Afgesonderde Gees is slegs moontlik indien dit ons hartsverlange en liefdesywer is om aan YHVH se Torah getrou te wees. Daarom het Yeshua gesê:

As iemand My liefhet, sal hy My boodskap gehoorsaam en My Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom blyplek maak. Joh. 14:23 – PWL Vertaling.

Yeshua se boodskap (woorde) is YHVH se Torah! Indien ons Vader-God waarlik liefhet, sal ons Sy Torah hoor en doen! Dan sal YHVH Yeshua in ons kom woning maak. Dit is om met YHVH se Gees gevul te wees! YHVH Yeshua kom woon in ons wanneer ons in beantwoording van Sy liefde Torah-gehoorsaam wil wees!

Laat ons ook soos Israel van ouds en soos Salomo ‘n geskikte woonplek vir YHVH Yeshua bou!

Nou sal dit wees, as jy יהוה, jou God, ywerig gehoorsaam, deur versigtig te wees om al Sy opdragte, wat ek jou vandag beveel, te doen, יהוה, jou God, jou sal oplik bo al die nasies van die aarde. Al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou oorweldig as jy יהוה, jou God, gehoorsaam. Deut. 28:1 en 2
– PWL Vertaling

Bepeins of Bespreek

1. Kan iemand wat glo in Yeshua as Messias, maar YHVH se Torah verwerp, met die Afgesonderde Gees gevul wees?
Meer hieroor kan gelees word in ons artikel: *Met Watter Gees Is Jy gevul?* En kan afgelaai word by: <http://nuwelielied.info/wp-content/uploads/2014/01/GB1.Jan14WatterGees.pdf>
2. Sal YHVH Yeshua slegs by ons woning maak, naamlik ons met Sy Gees vul, indien ons volkome Torah-gehoorsaam is? Ons weet tog dat niemand 100% aan YHVH se Torah gehoorsaam kan wees nie, want ons struikel dikwels weens die swakheid van die vlees. Is die vereiste nie eerder die besnydenis van die hart nie (Rom. 2:29), naamlik die afsny van die vleeslike wat die oorsaak was van ‘n hardheid van hart teenoor YHVH se Torah (‘n onbesnede hart)? Lees Deut. 10:16; Deut. 30:6 en Jer. 4:4. Die gevolg van die besnydenis van die hart is ‘n vreugde (verlustiging) in YHVH se Torah, hoewel ek besef dat ek dikwels die dinge doen wat ek nie wil doen nie! Lees ook wat Paulus in Rom. 11:12 tot 26 skryf, veral verse 24 en 25 – in Yeshua is sy verlossing van hierdie vleeslike wat strydig met Torah optree. ‘n Besnyde hart hoor YHVH se Torah en begeer om dit nougeset toe te pas. By so ‘n persoon sal YHVH Yeshua Sy woning maak!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.